*Al Psalmend*

## WEEK TWEE: DEEL II

---





### Die doel van hierdie kursus is presies dit: om die kuns te bestudeer om hierdie ryk erfenis van die Psalmboek te geniet.

Hoe kan ons die psalms tot hul reg laat kom as ons by sommige (wat voel asof dit nie van toepassing is nie) met ons oog ontduik. Hoe keer ons dat ons nie net ons gewildes oor-en-oor lees nie. Soos Eugene Peterson ons reeds herinner het, daar is net een manier en dit is om al die psalms te bid. Oor en oor.

Om in hierdie 4 weke al 150 psalms deur te lees, is nie die doelwit nie. Ons wil wel al die psalms deurlees, maar die doelwit daarmee is om die psalms in geheel te ontdek. En om selfs daardie te lees wat jy gewoonlik sou oorslaan. Vanselfsprekend moet ons Eugene Peterson se laaste sinnetjie nie vergeet nie: ons lees dit "oor en oor". Eers lees ons die psalms, deeglik, hopelik hardop, sodat ons die "gevoel" van die digters kan ontdek. Die psalms is juis dit: gevoel wat in woorde oorgaan, woorde wat in liedere oorgaan. Liriese gedigte.

Die Kerkvader met die mooi naam, Biskop Chrysostomos, ("Die Een met die Goue Lepel in sy mond"; 4de eeu nC) het juis hieroor geskryf:




Met die volgende notas hoop ek jou te help om die "*heerlike werksaamheid*" van die psalms, soos Chrysostomos dit stel, self in jou eie lewe te beleef. *Al Psalmend*, vervul met die Heilige Gees.

## INLEIDING: ALGEMENE OPMERKINGS

## DIE VERSKILLENDE WYSES WAAROP GOD AANGESPREEK WORD

### » Name in Boek Een

Terwyl ons hierdie week met die Tweede Boek van die Psalms begin (Hoofstuk 42-77) is daar 'n paar belangrike opmerkings wat ons nog oor Boek Een kan maak. As jy net eers tussen Psalms 1-41 deurblaai kom jy vinnig agter, dat

1) bykans al die **psalms deur Dawid** geskryf is. Uit die 150 psalms word 75 aan hom opgedra (wetend reeds dat hy nie almal geskryf het nie). Die

meeste daarvan kom in die Eerste Boek van die Psalms voor. Tel gerus hoeveel jy in sy naam kan raaklees. Dit is nogal belangrik; want geleidelik begin 'n mens besef hoe die psalms dan rangskik is. (Psalms 3-9; 11-32; 34-41);

2) Dawid elke keer vir God (met die uitsondering van 15 geleenthede) op dieselfde wyse aanspreek: "**die Here**". Dis kenmerkend van die eerste boek: 270 keer gebruik hy die aanspreektitel. Die aanspreekvorme verskil hier van al die ander boeke. In teologie noem ons hierdie gebruik van God se naam die tetragram ('n woord wat uit 4 karakters bestaan). In Hebreeus lyk dit so:




Hierdie vier karakters is in ons alfabet die letters **JHWH** (in Engels is dit YHWH). Oorspronklik was daar geen vokale in die Hebreeuse teks nie; dit is eers veel later ingevoeg. Die vier konsonante maak hierdie 'n **onuitspreeklike woord**. Wanneer Dawid hierdie aanspreekvorm gebruik wil hy natuurlik 'n spesifieke herinnering by sy gehoor oproep: **dit is dieselfde God wat die Jode uit Egipte gelei het.**

Die heel eerste keer dat ons die woordjie in die Ou Testament raakloop is wanneer God vanuit die brandende braambos met Moses praat (Eks 3). Moses wou weet met wie hy praat, waarop God antwoord: "**Ek is (wat) ek is**" (JHWH beteken dis "Ek is" – wat nie 'n naam is nie, maar 'n werkwoord, of 'n "wesens-beskrywing").

Dawid wil die volk (die gebruikers van die psalms) pertinent herinner dat dit hierdie God is wat aangespreek word in die gedigte. Die God wat hulle ook ken. Dis die Verbondsgod. Elke keer wanneer Dawid bid, herroep hy alles wat hy weet van die God van Abraham, Isak en Jakob.

Net terloops, toe die vokale later bygekom het, het die vertalers 'n probleem gehad, hoe moet hierdie onuitspreeklike woord dan "uitgespreek" word, juis vanwee die afwesigheid van vokale. Met goeie motivering (wat te lank is om nou hier te verduidelik) het hulle vokale by die tetragram

gevoeg, en so het die woord (in Hebreeus) geword: **Jahwe** (dit klink soos "Jah-wê"). Sommige vertalers was nie gemaklik om hierdie naam so uit te spreek nie (hoe kan jy die Heilige God se "Ek is" gebruik, wetend dat die Naam heilig is en nooit misbruik mag word nie)? Om misbruik te voorkom het hulle 'n ander woord waaraan God bekend is se vokale gebruik en vandaar die woord **Jehowa**. Nou mag jy die Naam gebruik, want eintlik spreek jy nie die tetragram presies uit nie. (Wanneer ons JHWH/"Ek is" in Afrikaans vertaal, gebruik ons die woord "**Here**".)

### » Name in Boek Twee

1) Alhoewel Dawid nog steeds ook in Boek Twee oorwegend die outeur is (Psalms 51-65, 68-70), is daar vir die eerste keer **nuwelinge se stemme** ook op die toneel. Wat die tweede boek betref het **Salomo** een geskryf (Psalm 72), daar is ook 'n paar deur die **Koragiete** (Psalms 42, 44-49) geskryf en die familie van **Asaf** (Psalm 50). Daar is ook van hulle werke in die volgende twee boeke ook, maar daaroor later).

**Die Koragiete** (uit die stam van Levi) was tempelwerkers. Vanuit 1 Kronieke weet ons sommige was deurwagte en musikante, sommige was ook soldate van Dawid se leër. **Asaf** (en sy nageslagte) was sangleiers. Asaf, ook uit die stam van Levi, was 'n kopersimbaalspeler en was een van twee sangleiers wat die volk by die "tent van ontmoeting" moes begelei.

2) Wat opvallend is teenoor Boek Een is die **nuwe aanspreekvorm** van God wat nou verskyn, naamlik "**Elohim**". Waar die tetragram nou slegs 15 keer verskyn, word hierdie aanspreekvorm vir God 165 keer gebruik word.




Die naam Elohim is hoe ons aan God in Genesis 1 voorgestel word: **die Skepper God**. As jy mooi kyk na die tweede boek, dan kom jy ook agter dat hierdie psalms baie fokus op die **grootsheid en die kragdadigheid** van God ... dit wat by God as Skepper pas. Hierdie is die Naam wat die psalmdigters gebruik om aan te toon dat God heers, oor die ganse aarde en ook oor al die nasies. Wanneer hierdie woord (Elohim) in die Ou Testament verskyn word dit altyd met "God" vertaal.




Vertoef net eers 'n ruk by die psalms. Blaai rustig deur die eerste twee boeke en kyk of jy hierdie verskillende aanspreekvorme kan raaksien. Kyk of jy kan raaksien hoe die betekenis van "Elohim" elke keer in die psalms uitgelig word.

Kyk sommer ook uit watter nie deur Dawid geskryf is nie.

## NOG STYL(VOLLE) OPMERKINGS

Ons weet nou reeds, die psalms is gebede. Baie spesifieke gebede: dit is gebede wat bedoel is om gesing te word. Daarom sal ons van die gebede as "liriese" gebede praat. Nog 'n eienskap is dat hierdie gebede in die genre van poësie val. **Dit is dus liriese gedigte.**

Hier is 'n video deur die "Bible Project" wat jou meer inligting gee oor die gedigte in die Bybel, en ook in die Psalmboek: https://www.youtube.com/watch?v=q9yp1ZXbsEg

Net soos in Afrikaans is die antieke gedigte gans anders van aard as byvoorbeeld stories, historiese geskrifte of nuusberigte. Daar is 'n groot verskil tussen 'n verhaal en 'n gedig. Die een is langer en meer omskrywend, die ander een is bondig en spesifiek. In 'n gedig is elke woord betekenisisvol, andersins is die woord oorbodig. Wanneer jy 'n gedig lees, wonder jy altyd of jy alles "raakgelees" het soos die digter dit bedoel het (-anders as met prosa, waar die skrywer jou laat verstaan wat jy moet moet verstaan). Daar is dus altyd die moontlikheid van 'n verrassing in 'n gedig.

**As 'n mens eers hierdie verskillende eienskappe van die psalms ken, gaan 'n splinternuwe wêreld vir jou oop terwyl jy die psalms lees.**

Daar is sekere beginsels wat 'n mens moet erken: die psalms is oor 'n baie lang periode geskryf, vanuit die ervaringswêreld nie alles ten volle kan begryp nie. Een van die kenmerke is die gebruik van **metafore** (Sien Week 2, deel I). Dit mag dalk onnodig voel dat ek soveel klem op hierdie verskillende taalverskynsels lê, maar as jy dit miskyk, verstaan jy die psalms dalk verkeerd.

'n Ander stylvorm wat ons nie mag miskyk nie, is **parallelismes**. Hier is nou 'n goeie voorbeeld van 'n bekende (omgekeerde) parallelismes:

*"My fellow Americans,*
*ask not what your country can do for you;*
*ask what you can do for your country"*
(aldus, John F. Kennedy)

» **Parallelismes**

**Hierdie is waarskynlik die grootste kenmerkende styl wat jy in die psalms sal vind.**

As 'n mens nou nie juis uitgeblind het in letterkunde op skool nie, voel hierdie sinnetjie dalk bietjie oorweldigend, maar druk deur: parellelismes is (aldus die Direkte Afrikaanse Bybel)

*twee opeenvolgende sinne of sinsnedes wat mekaar telkens aanvul*
*deurdat die tweede sin die gedagtes van die eerste herhaal of uitbrei,*
*of 'n teenstelling daarmee vorm.*

Eintlik is dit nie so erg nie. Dink aan twee treinspore wat langs mekaar lê met twee treine wat in dieselfde rigting ry. Soms kan die twee treinspore ook treine in die teenoorgestelde treine laat ry.

Ek gee sommer 'n voorbeeld (uit Psalm 19) wat illustreer hoe die "treinspore" parallel loop







Daar is hordes sulke voorbeelde. Net een hoofstuk vorentoe (Ps 18:4) vind jy sommer 'n dubbele parallelisme. In een sin is daar 'n parallelisme en 'n sin of wat verder is daar 'n parallelisme en al vier kommunikeer dieselfde. Wanneer ons dit met die eerste opslag raaklees (behalwe natuurlik as jy dit die eerste keer skoon misgelees het), wonder ons of die skrywer nie dalk oordryf nie. Nog erger, ons onderspeel die betekenis daarvan.

Omdat die meeste van ons nie ingestel is daarop om die psalms as gedigte te lees nie, lees ons dit as prosa. (Ons lees byvoorbeeld die wraakpsalms - wat wemel van parallelismes- asof dit een strook deur vol wraak is, sonder om te wonder waarom dit daar staan.)

Al lees ons dit raak, wil ons sê "*kom tot die punt*". Die digter van ouds sê, "*maar dis juis die punt*!" Dit is so 'n belangrike gedagte, een keer sal mos nooit genoeg die kragdadigheid daarvan kan uitbeeld nie.

Hier is nou 'n man wat die lewe behoorlik van alle kante as bedreigend ervaar!

Psalm 18 wemel van die parallelismes. Kyk byvoorbeeld na verse 8 en 9: *Die aarde skud en bewe; die fondamente van die berge tril en skud.*

Hoekom? Want Hy was vertoorn, vertel die digter. Vir ingeval jy wonder hoe vertoorn Hier is sommer 'n driedubbele parallelismes wat vertel hoe kwaad:




En as jy fyn lees, dan besef jy mos, God het nie 'n "neus" of 'n "mond" of "ingewande" nie. En net daar ontdek jy 'n ander taalverskynsel: "**andropomorfisme**".
Vergeet van die woord, al wat dit beteken is om menslike eienskappe aan iets (of Iets/Iemand) te gee om dit te beskryf. Daarom praat ons van twee "arms" van 'n stoel, maar ook die twee "arms" van God wat ons omvou.

As jy meer wil leer oor parallelismes in die psalms wil hoor, kan jy hierdie video volg: https://www.youtube.com/watch?v=GEL87NWUfFw




## ‘n Oefening

Gebruik Psalm 23 as ‘n voorbeeld.

Oor metafore moet ons onthou dat die skrywer twee dinge met mekaar vergelyk (wat eintlik niks met mekaar te doen het nie) en dit dan aan mekaar gelyk stel.

Met hierdie woorde, “JHWH is my Herder” wil Dawid iets oor “Ek is” vertel, maar ook iets vir die herder, maar daar is dan ook ‘n ongesêde metafoor oor die digter (en ook vir my en jou).

Wat sou die skrywer met hierdie metafore wil sê?

Lees nou in Johannes 10 en vergelyk dit met Jesus se uitspraak.  Daar is etlike “Ek is”-woorde van Jesus (bv. “Ek is” die brood van die lewe).

Hier gebruik Jesus Psalm 23 om dit op hom van toepassing te maak.

Wat leer dit jou van Psalm 23?

## *AL PSALMEND* (... AL IS DIT WRAAKGEDAGTES)

**Wanneer mense in die Psalms**
**met God gepraat het,**
**was hulle heelhartiglik eerlik.**
**Geen emosies is vir God weggesteek nie.**
**As hulle kwaad was, het hulle dit gesê.**
**Die emosies was nie altyd positief nie;**
**waarskynlik ook nie geregverdig nie.**
**Maar hulle het minstens geweet**
**dat God sal luister.**
**God luister nie net wanneer ons gelukkig is**
**of na aan God voel nie,**
**maar ook wanneer ons sukkel of ontsteld is.**
**(Tim Baker)**

Die Psalmboek konfronteer ons met 'n ongemaklikheid: dit is die sogenaamde "wraakpsalms". Dit staan ook bekend as "vloekpsalms". Hierdie psalms is vir ons 'n duwweltjie in ons skoen, waarskynlik omdat ons so min daarvan verstaan. Dit bly moeilik vir gelowiges om hulself te kan versoen dat jy ergste en die felste tragedie jou vyand toewens! Alles in jou protesteer as jy dit lees, want hoe kan Jesus se voorskrif in Matt 5:48 dan nog geld:

*Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê ,*
*en julle moet bid vir dié wat vir julle vervolg.*

Luister ons na Paulus wat (in Rom 12:14) sê, "*Seën julle vervolgers, ja, seën hulle, moet hulle nie vervloek nie*"; of skel ons lekker saam op maat van die psalms? Hoe kwaad moet jy vir iemand wees voordat jy ook bid: "*Laat (my vyande) stokblind word, laat hulle gebreklik word*" (Ps 69:24)! Of hoe verbitter moet jy wees as jy uitroep (Ps. 137:9), "*Gelukkig is hy wat jou babatjies gryp en teen 'n klip verbrysel*"!

Neem nou maar hierdie vers 7-10:

*Ruk hulle tande uit hulle mond uit, o God!*
*Slaan dié leeus se slagtande uit, Here!*
*Laat hulle verdwyn soos water wat wegsyfer,*

*laat hulle fyngetrap word soos droë gras.*
*Laat hulle wegraak soos slakke wat net slym agterlaat,*
*laat hulle word soos misgeboortes, sonder lewe.*
*Laat hulle, voor hulle dit weet, uitgeroei wees soos onkruid,*
*laat 'n gloeiende wind hulle wegwaai in die fleur van hulle lewe.*

Hier is darem vir jou 'n opeenstapeling van parallelismes en metafore. Van hierdie vyand gaan, teen die einde van die laaste sinnetjie, niks oorbly nie. Net voordat ons dink die Nuwe Testament ken nie hierdie taal nie. Hoeveel gebruik Jesus nie self die woordjie "weë julle!" (in die 1983 vertaling lees ons "ellendige wag vir julle...". Paulus haal selfs vir Psalm 69, hierdie einste wraakpsalm in Rom 11 aan. (Interessant net dat Paulus in Rom 11 uit Psalm 69 aanhaling! Hoe klink Paulus se woorde: *As iemand die Here nie liefhet nie – vervloek is hy*! (1 Kor 16:22). Ek sou hordes voorbeelde kon gee, maar die beginsel is dat ons nie die tipe psalms mag "afskryf" net omdat dit nie vir ons gemaklik is nie. Waarom nie? Martin Luther verduidelik:

> **"There is not, in my judgment,**
> **a Psalm which describes**
> **the mind, the manners,**
> **the works, the words,**
> **the feelings, and the fate**
> **of the ungodly**
> **with so much propriety,**
> **fullness, and light,**
> **as this Psalm."**
> Martin Luther,
> soos aangehaal deur Charles Spurgeon

Kyk gerus hier na die **briljante** uiteensetting van wraakpsalms, a.h.v. Psalm 69, deur Prof Walter Brueggemann

https://www.youtube.com/watch?v=rDfzzJD8IpI&t=127s

## HAAL DIE "WRAAKIGHEID" UIT DIE WRAAKPSALMS

Ek besef dat hierdie gedeelte baie "tegnies" mag wees, maar ek wil dit so eenvoudig moontlik hou. Dis nodig dat ons, voordat ons met ons "christelike" bril die tipe psalms lees, dat ons net eers 'n waardering kry vir hoe die digters dit destyds geskryf het. So, kom ons verplaas ons terug in die skoene van mense wat eeue en eeue voor ons geleef het.

**Waaroor presies gaan die wraak?**

Eenvoudig: Hier is iemand (of 'n volk) wie se vyande so gevaarlik op die loer lê dat niemand gaan kan help behalwe God nie. Die ergste is dat, as God nie ingryp nie, dit die "reputasie" van God gaan skaad. En ook dit gaan niemand kan keer as net God nie.

Die persoon (of volk) wat bedreig word, is bo verdenking onskuldig! Dit maak dit nog erger. Ook net Een het die mag om die onskuldiges te verdedig.

Dit is nie altyd so eenvoudig om die psalms uit te ken nie, want baie is ingevleg tussen die verse van ander tipes. Maar verseker weet ons die volgende is "tipiese" wraakpsalms:

7; 35; 58; 59; 69; 83; 109; 137; and 139

**Is dit wraak of geregtigheid?**

Die hoofdoelwit van die tipe psalms is nie "wraak" nie, maar dit is dat **God, die Regverdige, sal sorg dat geregtigheid ("justice") sal plaasvind.** Wat is geregtigheid? Dit het 'n gesig: om die mense wat hulself nie kan beskerm nie beskerming te bied (die Bybel noem hulle "weduwees en wese", of die "vreemdeling in julle poort". Jesus praat veral van die "armes"). Jy sal hierdie punt, van die onreg van die onskuldige wat reggestel moet word, in elkeen van die psalms vind.

Nog 'n doelwit: dat God in die proses **in ere herstel** sal word. Dit sal buitengewone vreugde by die volgelinge van God tot gevolg hê.

Nog 'n doelwit: dat die bose mense **voor God sal buig.**

Voor jy voortgaan, kyk net eers na hierdie 'n Animasie-uitbeelding deur die "Bible Project". Dit is gee jou 'n goeie idee hoe geregtigheid in die Bybel verstaan is: https://www.youtube.com/watch?v=A14THPoc4-4

**Die Psalms is die boek vir alle heiliges, vir elkeen, wat sy omstandighede ook mag wees, hy sal vind dat daar in daardie situasie vir hom Psalms en woorde sal wees wat hom sal pas asof hulle daar geplaas is net vir sy besondere omstandighede, sodat hy dit self nie beter kon verwoord nie.**
**(Martin Luther)**

As dit waar is wat Martin Luther hier sê, dan moet dit van alle omstandighede waar is. Een ding is waar, ongeag watter era ons in leef, die 21ste eeu of 2 millenia voor Jesus se geboorte, verontregting en onredelikheid is so deel van ons lewe, soos erkenning en belonging. Ons word nie net kwaad vir slegte dinge wat met ons gebeur nie; ons word kwaad oor dinge wat mense ander aandoen. Die realiteit is dat ons ook – wetend en onwetend – die kwaaddoeners is aan ander. Ons het die vermoë om ook uiters onredelik te wees, en mense te benadeel.

In Week 1 het ons al gesê dat die psalms ons help om 'n woordeskat te gee aan ons emosies. Ons kommunikeer deesdae al meer met "emoji's" en "icons". Ons raak arm aan beskrywende taal. Ons loop nie met ons hart op ons mou rond nie. Hier is dit anders. M.E Tate skryf:

**Nadat bitterheid en pyn by God uitgestort is,**
**is daar die moontlikheid vir 'n vars visie en**
**nuwe vertroue in God.**
**Hierdie psalms is 'n reinigingsproses**
**vir ons woede en haat,**
**ook van ons moedeloosheid oor verval**
**en verlatenheid.**
**Hierdie psalms is 'n katarsis van geloof**
**en 'n hernuwing van die siel.**
**Dit help ons om te verstaan dat daar geen plek**
**of situasie is waarby God nie betrokke is nie.**
**(M.E. Tate)**

Maar, nog voordat ons onsself nou op die voorgrond sit en vra hoe óns dit moet lees, kom ons bedink net eers die leefwêreld van die psalmdigter.

## Die rol van God as die regter

Die waardevolste wat ek hieroor kon raaklees kom uit 'n klein boekie uit 1958 wat CS Lewis geskryf het ("*Reflections on the Psalms*"). Onthou jy die beginsel dat hierdie Psalmboek geskryf is vir antieke kultuur met Joodse mense met 'n gans anderse verstaan van hul wêreld as ons. Hier is 'n goeie voorbeeld: ons het howe en regters en regsbanke, en die staat kan selfs namens jou, as die verontregte party, jou saak hanteer. Ons bied in ons westerse sisteem regshulp aan hulle wat dit nie kan bekostig nie. Almal is voor die reg gelyk, so leer ons. Ook ons beskuldigdes het sekere regte: jy bly onskuldig totdat die regstelsel jou skuldig bevind het. En ja, soms is jy skuldig – ook jy weet dit – maar vanweë verskeie redes kan jy selfs as 'n onskuldige uit die hof uitstap.

**OM TE ONTHOU #1**
**Die rol van die Regter**




In die tyd van die psalmdigters het dinge egter anders verloop. Hulle met "mag" het inderdaad alle mag gehad; ook die mag oor die "weduwee's en wese" (die swakkeres in die samelewing). Die magtiges kon hulle mag misbruik na willekeur. Natuurlik was daar wette om die samelewing te probeer beheer, maar, soms was daar net Een na wie toe kon gaan; Een wat sou luister; Een wat jou saak, in hierdie fiktiewe hofsitting, vir jou sou kon waarneem. Dit is die Een wat hoog bo die aarde is: **die Regter *Elohim***.

**OM TE ONTHOU #2**
**Hoor die broosheid**




Daarom kan die verontregte met soveel passie die wraakpleidooie van God vra, omdat jy jouself, as die swakkere een, nie teen die magtiges sal kan handhaaf nie. Dis juis **omdat jy geen vermoëns het** om iets aan die saak te kan doen nie, dat daar net Een is na wie jy jou kan wend. Omdat jy nie kan nie, pleit jy dat God dit namens jou moet doen. Dat God die mag van die magtiges sal verbreek. Die onredelikheid sal omdraai. Boosheid sal oorwin word. Wanneer ons hierdie psalms lees, dan klink dit vir ons soos die taal van 'n haatdraende. Dit is nie. Dit is die taal van die weerlose. Onthou natuurlik ook dat wanneer die digter praat, dit 'n gedig is. Dit is simboliese taal, met 'n rykdom van stilistiese punte wat jy in ag

moet neem, soos metafore en parallelismes, en ook hiperbole (waar alles "in oortreffende trap" beskryf word, om 'n sekere punt te probeer maak.

'n Belangrike verskil vir ons as Christen-gelowiges, is dat wanneer ons aan God dink as "Regter", so verduidelik Lewis, dan dink ons dadelik aan onsself in die beskuldigde bank. Daarom is ons gebed ook: "Vergewe ons!" Ons is die skuldiges. Mag die Regter ons genadig wees!
In hierdie psalms is dit anders: die digter is nie die een in die beskuldigde bank nie; die digter (of die volk) is die verontregte. Wanneer die verontregte skade aangedoen word, dan is dit **so goed soos om God skade aan te doen**. God moet nou – namens jou – optree met al die mag wat God in Godself het. Visualiseer dus 'n hofsitting waar jy langs God staan en jou kans kry om te praat.

OM TE ONTHOU #3
T.W.V. DIE EER VAN GOD

Wraakspraak is nie persoonlike vendetta's nie, maar dit sê iets van die ywer vir die Koninkryk van God en Sy eer. Die aanvalle wat die individu bele was nie gesien as persoonlike aanv nie, dit was gesien as aanvalle te God en sy verteenwoordigers in d beloofde geslag van die Messias



Walter Kaiser.

Soos CS Lewis dit stel:

"*It is not a desire for revenge;*
*it is a desire for justice*".

**As dit waar is dat dit nie oor wraak gaan nie, maar oor die herstel van ongeregtigheid; dan is daar vandag, nie net in ons binnekamers nie, maar selfs tydens ons eredienste tyd vir psalms wat bid vir die herstel van onreg! Daarom sal ek self verkies om dit GEREGTIGHEIDSPSALMS te noem. Of GEBEDE VIR HERSTEL.**

Ons sal dit dalk anders verwoord; want hoe ons verwoord is ook 'n kulturele ding. Maar ook ons is nie blind vir wat om ons gebeur nie. Ook om ons gebeur brutale dinge. Hoe sou 'n ma wie se dogter verkrag en haar liggaam daarna verbrand word, nie emosionele verligting kry, as sy binne die gemeenskap van gelowiges kans kry om haar saak teen God uit te skreeu nie. Almal wat om haar staan huil en baklei saam. Hoe kan God dit toelaat! Hoekom kyk God weg! Hoekom bring God nie, met al God se brutale

Skeppersmag 'n einde aan die ellende nie. Watter God wat goed is laat dit toe! En jy kan met jou hand gebal na die hemel baklei, totdat al die woede uit jou is en jy, moeg en leeg, bloot in die arms van die gelowiges rondom jou inmekaarsak en huil nie.

Hoe sou ons dan nie voorbeeld na voorbeeld kan opnoem van hoe mense verontreg word, of dit deur individue is en of dit deur sisteme is. En is dit nie veral die Kerk wat hierdie mense se saak moet beskerm nie?!

## HOU DIE KRUIS ALTYD INGEDAGTE


Die enigste manier dat die hierdie psalms vir christene regtig betekenisvol kan wees, is as die **kruis van Jesus** die "bril" raak **waardeur die wraakwoorde gelees kan word**. Die psalms was immers die laaste woorde wat oor Jesus se lippe gekom het voordat hy gesterf het. "*Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie*". Ons mag die vergrype wat ons elke dag om ons sien na God toe bring. Om die waarheid te sê, ons moet! Ons moet kwaad kan word vir onreg. Vir die verskriklike armoede waarin sommiges moet leef, terwyl ander ryker en ryker word. Ons moet kwaadword, en dan moet ons ons woede na God neem Wie anders sal hoor, as dit nie God is nie! Wie anders sal die Regter wees vir die wat benadeel en vertrap is? Wie ken die vrees wat elke vermoorde en verkragte en verminkte ervaar beter as Jesus nie.

OM TE ONTHOU #4
DIE SLEUTEL VAN DIE KRUIS

Die wraakpsalms lei ons na die kruis van Jesus.
Dit is dáár dat die liefde van God vyande vergewe.
Só verstaan, is dit deur die gekruisigde Jesus dat ons leer hoe om die wraakpsalms reg te bid.
Dietrich Bonhoeffer



**Dit is waarom ons van hierdie woede as reinigend praat. Dat dit 'n katarsis is vir die siel. Dit is die donderstorm wat gevolg word deur 'n reëboog.**




**'n OEFENING**

Onlangs skryf 'n vriend vir my hierdie briefie - waarskynlik is dit 'n beter verduideliking van waarom 'n wraakgebede tog nodig is, selfs al wil ons dit nie graag so noem nie:

Die lockdown ding het my vir 'n loop gegooi. Toe dit alles begin het ek regtig hard probeer om dit as 'n geleentheid te sien. 'n Geleentheid om nader aan God te kom en te groei in my afhanklikheid aan Hom. **Ek vind my nou verbaas om te ontdek hoe diep my woede en frustrasie oor wat gebeur loop**. **Hoe ek "overwhelmd" voel** wanneer ek sien hoe politici in 'n soeke na eie gewin lewens verwoes. Hoe ek soms na al die swaarkry kyk en net so **incredible sad en kwaad** word.

Ek kan al die regte goed probeer sê.
Oor hoe ons moet aanhou vertrou. Oor hoe God daar is in dit alles.
En al die goed oor hoekom Hy suffering toelaat probeer beredeneer.
Maar daai gevoel van "hoekom??" wil net nie weggaan nie.

**Hoe sal jy hierop antwoord, as die brief aan jou gerig was?**

Ons almal sien dinge raak wat ons weet nie reg is nie? Bly ons stil daaroor? Nie volgens die psalmdigters nie. Volgens die psalmdigters bring ons die onreg na God toe.

Om ‘n “gebed van herstel” self te bid (onder begeleiding van die wraakpsalms) behoort minstens die volgende kenmerke te hê:

* Geen verskuilde agenda’s nie. Jy staan in vir die een teenoor wie jy onreg gepleegd sien. Watter onreg lê so swaar op jou hart dat jy nie anders kan as om die verontregte se plek voor God in te neem nie.

* Beroep jouself op beloftes wat God in die verlede gemaak het.

* Wat is jou verwagting(e) van God.

* Gaan een stap verder as wat die psalmdigter kon doen (synde die psalmdigter nog voor Jesus se koms geleef het): wat vra die situasie van jou, nou as mede-werker van God?

**Die volgende videos kan jou dalk met hierdie week se onderwerp help:**

Oor waarom die wraakpsalms gebid moet word:
https://www.youtube.com/watch?v=muQuTl7SWWk

‘n Verduideliking van Prof Miles van Pelt gee duidelikheid oor hoe Christene oor die wraakpsalms kan dink:
https://www.youtube.com/watch?v=To46OhY8iOI

**WEEK DRIE – DEEL EEN SE NOTAS SAL MAANDAG 27 JULIE (06:00) BESKIKBAAR WEES.**